

# ANB NUUSBRIEF

September 2016

Amptelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging

Nommer 58

## SPEZIALE UITGAWE

# VYFTIG JAAR NA DIE SLUIPMOORD OP VERWOERD

Die tafel vir die tweede en finale revolusie in Suid-Afrika is reeds gedek. Dr Verwoerd se monument, die Republiek van Suid-Afrika, is op 'n mespunt. Die mite van 'n voorespoedige reënboognasie met *vryheid en gelykheid* vir 'n ieder en elk, lê aan skerwe. In 1994 is die *werklikheid* van volkere-verskeidenheid vervang met die Britse-begrip van individuele burgers in 'n Nuwe Suid-Afrika. Spoedig is tot die besef gekom dat party burgers soos in George Orwell se *Animal Farm*, meer gelyk is as ander.

Dr Verwoerd is op 6 September 1966 vermoor. Dit was die amptelike einde van die beleid van afsonderlike ontwikkeling oftewel, apartheid. Sy opvolger, adv B J Vorster, wie instrumenteel in sy sluipmoord was, het ten spyte van lippediens om Verwoerd se beleid voort te sit, dit stelselmatig afgetakel. Dié aftakelingsproses wat rassegelykstelling en rassevermenging bevorder het, is voortgesit deur P W Botha en F W de Klerk tot en met die vaderlike oorgawe in 1994.

Dié aftakelingsproses is met eg kommunistiese taktiek, stelselmatig en onderduims ingevoer op so 'n wyse dat die blanke kiesers in die laat 1960's, met die uitsondering van dr Albert Hertzog en sy ondersteuners, weinig vermoed het. Die blankes het niksvermoedend met Nasionale Party sport-oogklappe, die golf van dr Verwoerd se sukses gery. Sal ons die Na-sionale Party-plakkate in die doodsnikke van die stryd vergeet? *Eie Skole, Eie Woonbuurtes!* En Minister Stoffel van der Merwe se la-tere bekentenis, *"Dit was seker oneerlik"*.

Ewenwel, is die geminagte Hertzoggroep in 1994 reg bewys toe die mensgod en Kommunis, Nelson Mandela, aan bewind gekom het in 'n een mens, een stem verkiesing. 'n Verkiesing wat met bedrog besmet was, tot op die punt dat regter Johann Kriegler dit met 'n borddeel waarin niemand kuis gebly het nie, vergelyk het. Die meer as 'n miljoen stemme waarvoor nie verantwoording gedoen kon word nie, het nie in die pad van 'n vry en regverdig verklaarde verkiesing gestaan nie.

Dit is van kardinale belang dat onderskeid getref word tussen die apartheidsera van Verwoerd (1958-1966) en die aftakelingsperiode van apartheid onder die leierskap van Vorster, Botha en De Klerk. Dit was in hierdie periode van aftakeling, dat genoemde here die polisie en weermag kollektief en individueel misbruik het onder die voorwendsel dat hul offers vir die behoud van apartheid bring. 'n Buro vir Staatsveiligheid onder leiding van genl Hendrik van den Bergh is op die been gebring en later vervang met die Nasionale Intelligensiediens om verskuilde agendas deur te voer. Volgens Dr Christo Landman het geheime organisasies wat gestig was om konserwatiewe politici te diskrediteer, miljoene rande daarvoor ontvang. In 'n TV-uit-sending is vertel dat die Staatsveiligheidsraadslede, Niel Barnard en



Mike Louw, by geleentheid saam met prof Willie Esterhuysen en die Kommuniste, Aziz Pahad en Kie, in die Palace Hotel in Switzerland byeengekom het. Terwyl hul halaal whiskey gedrink het, moes genoemde here, Pahad se vraag uit Lenin se woordeskate, *"What is to be done?"* antwoord.

Omdat daar met opset nie onderskeid tussen genoemde periodes gemaak word nie, is apartheid in sy geheel in diskrediet voor die latere drakoniëse Neurenbergstyl Waarheids- en Versoeningskommissie van Desmond Tutu gebring. Ten spyte daarvan dat nie 'n enkele amnestie aansoek vir die Verwoerdera ingedien is nie! Pas na dié kommissie aangestel is, laat Tutu homself as volg uit, *"Ek herhaal my smeekbede aan Afrikaners – as u net bely en u bekeer ..."*.

Huidig, 50 jaar na Verwoerdiaanse apartheid en 22 jaar na ANC/SAKP/Cosatu-skrikbewind, kry dr Verwoerd die skuld vir die onvermoë van die Swartman om die Nuwe Suid-Afrika van rowerspelonk-status te bevry. Dié aantygings, hoewel onwaar en absurd, word op die korttermyn vir verkiesings- en op die langtermyn, vir revolusionêre doeleindes aangewend.

Wimpie de Klerk, broer van FW, het in 2000 by die RAU gesê dat predikante moet preek vir vergewing oor die sonde en misdade van apartheid sodat die Afrikaner tot insig kan kom oor dié politieke dwaling, dan sal hul nie meer *"hond hoef te voel"* oor apartheid nie. Só hys hul die witvlag, praat Engels, stem vir die vyandige DA, bieg, vat hande, was voete, gee kospakkies, brei komberse, ontwikkel selfs 'n goeie skeut selfhaat, maar telkens verskuif die doelpale. Sien, daar is doodgewoon geen plafon of remedie vir 'apartheidsondes' nie. Prof Jurie le Roux het destyds geskryf dat die Afrikaner, *"tot die dood toe siek is"* van 'n virus, die *"anti-apartheids-teologie"*. Die demonisering en passivisering van die Afrikaner is volgens hom *"Afrikaner-volks-moord"*. Die Kommunis Beria, beaam dat 'n kommunistiese staat slegs geskep kan word wanneer daar *"a general degraded feeling"* ontstaan. Hy sê, *"Degradation and conquest are companions. To be conquered, a nation must be degraded ... continual defamation ... continued and constant degradation of national leaders, national institutions, national practices and national heroes must be systematically carried out"*.

In die lig van bogenoemde, is die ANB in eer gebonde om dr H F Verwoerd se apartheidsbeleid met hand en tand te verdedig. Vervolgens poog drie skrywers hieronder, om onder andere by wyse van vergelyking, die mees algemene aantygings teen dr Verwoerd se apartheidsbeleid aan te spreek.

1. Verwoerd se Apartheidsbeleid en rassisme.
2. Bantoe-onderwys versus ANC/SAKP/Cosatu-onderwys.
3. Verwoerd se ekonomiese beleid.



# VERWOERD SE APARTHEIDSBELEID EN RASSISME

Alvorens aantygings teen dr Verwoerd se apartheidsbeleid aangespreek kan word, is dit nodig om agter die kap van die byl te kom. In die oë van die Britte het dr Verwoerd minstens drie onvergeeflike sondes gepleeg, sondes waarvoor hy met sy lewe moes boet. Hy het in 1961'n Republiek uitgeroep, hy het Suid-Afrika se aansoek om voortgesette lidmaatskap van die Britse Statebond teruggetrek en hy het die steun van 'n deel van die Engelssprekende bevolking geniet. Die ergste is dat in stede van om buite die Statebond te kreppeer, het presies die teenoorgestelde gebeur, Suid-Afrika was 'n "skitterende voorbeeld van voorspoed op 'n veelbewoë kontinent".

Die Britte se betrokkenheid by die moord op dr Verwoerd, was dus maar net die voortsetting van die oorlog teen die Boere met ander middele. Die Britte het 'n kommunistiese regering in Suid-Afrika verkies bo Afrikanerinvloed op die Suider-Afrikaanse kontinent. Vir hierdie doel was Londen die gasheerstad vir die ANC-hoofkantoor. Om die ongewenstheid van apartheid te beklemtoon, is apartheid in die media met 'n hoofletter geskryf en meesal as *Aparthate* vertolk. In 1994 kry die Britte et al. toe die kommunistiese Mandela-regering en spoedig is die RSA weer onder die Britse vlerk in.

## Apartheid ondemokraties en rassisties?

Een van die geykte aanklagte teen apartheid is dat dit ondemokraties was. 'n Minderheid blankes het glo die meerderheid Swartes onderdruk. Hierdie aanklag kon geen water hou in die Verwoerdera nie, omdat daar in oorlog met die Swartes vir elke Swartvolk 'n tuisland in die vooruitsig gestel was. Met finansiële en ander hulp van die blanke RSA kon hul mettertyd hul stemreg in hul eie lande uitoefen. Die Bantoe Beleggingskorporasie Wet van 1959, is een van vele wat in die lewe geroep is om fondse van die RSA oor te dra vir werkverskaffing in die tuislande om dit lewensvatbaar te maak. 'n Gebaar wat nie net die visstok gegee het nie, maar ook die vis. G H Calpin, redakteur van die *Natal Witness*, skryf in *At last we got our Country back: "Niemand kan dr Verwoerd se toesprake oor apartheid en rassieskeiding lees sonder om die opregtheid van sy besorgdheid te herken dat sy beleide met geregtigheid en billikheid teenoor almal toegepas moet word nie"*.

In die groter stedelike gebiede was daar selfbestuur deur Swart raadslede. Bykans 400 van hul is later deur Winnie Mandela se halssnoermetode uitgewis.

Die oomblik toe Vorster egter in 1969 twee Maori's in 'n Nieu-Seelandse rugbyspan verwelkom en daarmee die skeiding op alle ander terreine ongedaan maak, het die ondemokratiese aanklagte begin gewig dra. Ons speel saam, maar ons mag nie saam drink en slaap nie? Aparte skole en woonbuurtes? Is ons nie soos die Britse Statebond sê, almal *gelyk* nie? Hoekom het Swartes nie stemreg nie, hul is dan die meerderheid?

Die een mens, een stem 'demokratiese'-verkiesing in 1994 het ons toe almal burgers van die RSA gemaak, *vry* en *gelyk* in teorie. Volkere-verseidenheid en volksregte is vervang met burger/menseregte. Nou is ons net burgers wat hoogstens in groepe kan versamel, minderheids-groepe soos die Afrikaners en meerderheids-groepe soos die Swartes. Vakbonde soos die veelrassige Solidariteit en hul burgerlike arm Afriforum is operig. Deur middel van hofsake beding hul burger-, groep- en menseregte. Self erken hul ook nie volksregte nie. Die uitgerekte hofsake alleen maak 'n klug van die demokrasie.

Die tradisionele leiers daarenteen, is meer *gelyk* as die Afrikaners. Hul behou hul 'tuislande' en kry massale bedrae belastingbetalersgeld om na willekeur te spandeer.

Demokrasie kan net tot sy reg kom in 'n homogene bevolking. Huidig, wie onderdruk nou vir wie? En, as argumentsonthalwe

aanvaar word dat rassisme 'rassehaat' beteken, is dit nie moeilik om te sien wie huidig in die RSA gehaat word nie. In die afgelope munisipale verkiesing, was apartheid en "*the Whites*" wat glo hul grond gesteel het, die gunsteling slaansak van Zuma. Velaphi Khumalo van die Gauteng Kuns en Kultuurdepartement skryf: "*I want to cleanse this country of all White people ... White people in SA deserve to be hacked and killed ...*".

Gemeet aan Zuma en sy 'masjiengeweer', glo vele dat Thabo Mbeki gematig was. In Augustus 1971, na nege jaar in Londen, lewer hy 'n toespraak namens die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee in Beichlingen. Hy sê: "*Why should we, in the Freedom Charter, say 'South Africa belongs to all who live in it, Black and White when our country is under foreign invaders, who even call themselves Europeans? Why therefore should we not say that South Africa belongs to the Black people? Why should we not say, 'Power to the Black people'? Comrades, we hope you will have something to say on these questions*". Die Negerdigter, Langston Hughes, sê: "*A dream deferred does not mean it will never happen!*"! Miskien is dit Malema se opdrag?

Sover die 1994 *vryheid* en *gelykheid* betref, wat op Britse aandrang verkry is, bly dit 'n bewese kommunistiese onmoontlikheid. Bowendien is daar tans nie 'n politieke party, die VF+ ingesluit, wat dit sal waag om nie vir Mandela as mensgod te vereer nie, almal is dus in 'n mindere of meerdere mate kommunistiesgesind! Skryf H A Luushof in 1956: "*Vryheid en gelykheid gaan nooit saam nie. Wanneer mense gedwing word om gelyk te wees moet hulle hul vryheid ontnem word. As mense maar 'n greintjie vryheid gelaat word, sal hulle altyd na ongelykheid streef, omdat dit die wese van die mens en die wese van die natuur is. Predikers van gelykheid wil meestal nie die laere ophef na die hoëre nie, maar die hoëre na benede trek*".

## Die Britte en apartheid

Ten grondslag van Verwoerdiaanse apartheid lê 'n Calvinistiese inslag soos verwoerd deur dr Albert Hertzog. Die belangrikste hiervan was die erkenning van die soewereiniteit van God drie-Enig, daarom dat dié gesag in die aanhef van die grondwet van die ou RSA weerspieël is. In die Nuwe RSA-grondwet is God se gesag vervang met 'n Akte van Menseregte. Die naas belangrikste was die regskenningbeginsel, dit wat ek vir myself gun, gun ek ook vir die ander volkere in die Skepping. Daarom volle onafhanklikheid vir die tuislande sodra hul tot volwassenheid en lewensvatbaarheid gevorder het.

Die Britte daarenteen, het die Anglikaanse Staatskerk as wapenrusting. Dié kerk het sendelinge na SA gestuur om bevrydingsteologie in teenstelling met Calvinisme te kom verkondig. Harry Antonides sê dat bevrydingsteologie 'n sekulêre program vir revolusionêre verandering is. Die verskil tussen bevrydingsteologie en ortodokse Christologie, lê in die definisie en remedie van sonde. In die Christologie is opstand teen God en ongehoorsaamheid aan Sy Woord, sonde. Die enigste weg vir verlossing is deur Christus en Sy genade. In bevrydingsteologie is selfsugtigheid wat in sosiale strukture gesetel is sonde en kan net oorkom word deur die strukture te verander. Meer spesifiek om kapitalisme met sosialisme te vervang. In so stelsel verdwyn die grense tussen kerk en wêreld. Die kerk sien homself dan nie meer as 'n eksklusiewe Woordver-kondiger nie, maar staan radikaal in diens van die mens.

By 'n konferensie van Anglikaanse priesters wat deur biskop Ambrose Reeves byeengeroep is, het 39 uit die veertig teenwoordig, ANC-ledekaarte getoon! Tutu, wie onder die Hamer & Sekelvlag

(Vervolg op bl. 3)

## Verwoerd se apartheidsbeleid en rassisme (Vervolg)

preek, het op 28 Julie 2016 op TV bevestig dat hy 'n Londen-opgeleide bevrindingsteoloog is. Hy sê: "God is not even handed, he is on the side of the poor and oppressed". Terwyl Tutu, Knight of Malta en Bilderberger egter soos 'n "fairy-tale prince" geleef het, het hy die sanksieveldtog teen SA bedryf. Volgens die *Wall Street Journal*, het sanksies teen 1992 vir SA oor ses jaar, 500 biljoen Rand gekos. "Because of it, some two million people, mainly Blacks, were thrown on the unemployment scrapheap, many never to work again".

Maar, die skynheilige anti-apartheid, anti-Bantustans Britte, het hul eie agendas gehad. So ook hul eie Bantustans, waaronder Lesotho, Botswana en Swaziland.

Sarah Gertrude Millin skryf oor 'n sendeling: "There was a missionary called Dr. Philip speaking very hotly on behalf of the coloured races, saying they would be exterminated if they were exposed to intercourse with the white people, that the only remedy against this was to establish Bantu states ruled over by chiefs under the guidance of missionaries, and that such Europeans as the missionaries considered undesirable should be excluded from these states". Toe dr Verwoerd egter die geldmag by name Anton Rupert nie wou toelaat om sy besighede waaronder drank en sigarette, midde in die tuislande te vestig nie, moes hy gedood word.

Millin skryf dat segregasie nie 'n nuwe ding is nie. Honderd jaar gelede het die sendelinge 'n vorm daarvan propageer. Die eerste Transvalers was ten gunste van absolute skeiding tussen Swart en wit en dié idee is deur Sir Theophilus Shepstone ondersteun. Millin skryf verder dat die Britse regering die 1820 Britse setlaars gevestig het as buffer, omdat "the Kaffirs were becoming very dangerous".

'n Voormalige redakteur van die *Rand Daily Mail* het in 1952 in *White Man's Africa* geskryf: "The policy called 'apartheid' which now evokes such hostility abroad is not a new and more evil way of treating Blacks and Coloureds. 'Apartheid' is simply the Afrikaans word for separation - and separation has been the underlying principle of the policy of Europeans in the African sub-continent for generations".

HW Hancock skryf in dieselfde trant: "Apartheid was a new word for the segregationist policies which all previous governments had pursued on this or that sector of the racial front, but never as yet along the whole unbroken front of racial theory and practice". Dit sluit al die Engelse koloniale regerings van voor Uniewording in 1910 in, sowel as die latere Engels-oorheersde bewinde. Slegs enkele voorbeelde van apartheidswette vóór die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het:

- Paswette is in 1820 deur die Engelse-regering aan die Kaap in Bathurst ingestel.
- In 1894 het die Rhodes-regering apartheid in sport opgedwing.
- Die Jameson-regering het in 1905 apartheid in die Kaapse skole wetlik vereis.
- In 1896 het die Engelse regering in Natal die Indiërs van die kieserslys afgehaal.
- Die Engelse regering in Natal het ontug oor die kleurgrens verbied meer as 'n eeu voor die 1957-Wet van die NP-regering.
- Die Engelse regering aan die Kaap het vereis dat in transport-aktes bepaal moes word dat Kleurlinge nie die grond mag bewoon nie.
- Die Suid-Afrikawet van 1909 wat deur die Britse Parlement goedgekeur is het bepaal dat net persone van "Europese herkoms" lede van die SA-parlement mag wees.
- Die 1913-Wet op Grondbesit, om "separation of Black South Africans and White South Africans as occupiers of land" te bewerkstellig.
- Die 1925-Wet op Myne en Bedrywe wat deur 'n Engelse Minister van die Arbeidersparty deurgevoer is en wat werkreservering ingestel het.
- Die 1936-Hertzog/Smuts-Wet waardeur Swartes van die Kaap-

landse kieserslys verwyder is en waardeur uitvoering gegee is aan die ander aanbeveling van die Lagden-kommissie, naamlik "separation of Black South Africans and White South Africans as voters".

Laastens, skryf Millin dat daar in 1926 'n koestering vir "whiteness" in die Unie van SA was. Lesse is geleer en juis daarom moet tradisies en elke taboe in wetgewing vasgelê word: "There shall be no brotherhood between black and white. At best, perhaps a step-brotherhood. No more. The soundest and fairest observer of black and white inter-relationships in South Africa, Maurice Evans, has laid down the following three fundamental principles for the future association of the races: 1. The white man must govern. 2. The Parliament elected by the white man must realise that while it is their duty to decide upon the line of policy to be adopted, they must delegate a large measure of power to those specially qualified, and must refrain from undue interference. 3. The main line of policy must be the separation of the races as far as possible, our aim being to prevent race deterioration, to preserve race integrity, and to give to both opportunity to build up and develop their race life".

Toe bogenoemde geskryf is, het dr Verwoerd pas afgestudeer. Hoe op aarde kon hy die "argitek van apartheid" wees?

### Klippe in die apartheidskoeën

Twee hoogs irriterende klippe in die apartheidskoeën is die stelling dat apartheid nie gewerk net nie en dat dit nooit in wetgewing vasgelê moes word nie, siende dit oral in die wêreld van nature beoefen word. Wetgewing het glo onnodig aandag daarop gevestig.

Apartheid is in sy kinderskoene deur Vorster & Kie nekomgedraai, hoe kon dit nie gewerk het nie?

In 'n artikel getiteld, *The sad state of the Transkei* (9/9/2012), word berig dat, "...the Transkei is becoming a wasteland with little development ... After 1994 there was an exodus of industries ... " en "starvation is rife", ten spyte daarvan dat dit die bakermat van al die groot geeste van Umkonto We Sizwe, soos Mandela, Mbeki, Tambo, Sisulu en Hani was. Anders as Dr Verwoerd se vooruitsig van 'n ontwikkelde Xhosastaat, leef Nuwe SA politici, gemeenskap- en tradisionele leiers aldaar, soos Afrika-despote terwyl die bevolking krepeer. Die enigste inkomste is van staatstoelae en mynersalarisse. Dié pleidooi is galgehumor: "The matter of the Transkei must be taken seriously and treated with the urgency it deserves. National government must intervene and put an end to all this chaos!"

Wette was nodig om skeiding tussen rasse en volke te bring om die beleid van afsonderlike ontwikkeling/apartheid te laat slaag. Netso was menseregte wette nodig om apartheid ongedaan te maak en die onwerklikheid dat daar geen rasseverskille sou bestaan nie, op te dwing aan die werklikheid van rasseverskille.

Die mens is van nature bedorwe, hy het wette nodig om hom te tem spesiaal in 'n sekulêre staat. Menseregte in die Nuwe SA, het selfs ongeskrewe morele waardes van die ou SA vervang. Die eindresultaat is dat afwykings soos homoseksualiteit hand oor hand toegeneem het, soveel so dat die debat daaromheen, die N G Kerk van sy laaste stukkie fondament gestoot het. Rasvermenging is ook aan die orde van die dag.

Siende nasionalisme die enigste teenvoeter vir Kommunisme is, moes dr Verwoerd vermoor word alvorens 'n blok van nasionalistiese state in die Suidelike halfmond die kommunistiese Nuwe Wêreldorde in sy spore sou stuit.

Die Nuwe Wêreldorde vereis rasvermenging om die behoefte aan 'liefde vir die eie', genaamd nasionalisme, 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, te vernietig.

In 1922 stel die Bolshevikleier Selenkov, dit so: "We must create a climate of anti-nationalism and anti-racialism amongst whites. We must reduce patriotism and pride of race to meaningless obstructions and make racialism a dirty word".

(Vervolg op bl. 8)

# BANTOE-ONDERWYS VERSUS ANC/SAKP/COSATU-ONDERWYS

Die onderwys is een van die populêre speelballe wat gedurig deur die liberales en die ANC-regime gebruik word om Dr HF Verwoerd en apartheid mee by te kom. Apartheid kry die skuld vir die katastrofale mislukking van die ANC op die onderwysgebied. In hierdie artikel word gekyk na die stand van die huidige onderwys en die positiewe invloed van Verwoerd se onderwysbeleid op die lewens van die Swartes.

## Die ANC-Regime se onderwysstelsel

Die onderwysstelsel het tot so 'n lae vlak gedaal dat die liberaliste en regeringsliggame aanvullend en negatief daarop reageer.

Volgens Statistiek Suid-Afrika is die nuwe generasie Swartes in die ouderdomsgroep 25-34 minder bekwaam as hul ouers en die ander rasse in dieselfde ouderdomsgroep. Die aantal professionele Swartwerkers het oor die afgelope 20 jaar afgeneem met 2%. Volgens die Statistiek Generaal, Pali Lehohla, se verslag *The Social Profile of Youth 2009-2014*, is dit 'n teken van agteruitgang wanneer ouers beter toegerus is as hul kinders. In dieselfde tydperk is daar 'n afname in die persentasie Swartstudente wat hul voorgraadse studies voltooi.

Op skoolvlak voltooi slegs die helfte van die leerders wat inskryf vir graad 1 uiteindelik graad 12. Volgens Lehohla sal dit rampspoedige gevolge vir die toekoms van Suid-Afrika hê.

Werkloosheid word gekoppel aan opleidingsvlakke. Lehohla sê verder, *"Education is the solution to the problem. We are not increasing the proportion of people in education"*. Hy beskryf die toestand as *"a cocktail of disaster"* omdat die jeug nie 'n toereikende bydrae tot die samelewing maak nie.

Dr. Iraj Abedian, hoofuitvoerende beampte van Pan-Afrika Beleggings Navorsing Dienste, sê dat geld nie die probleem in die onderwys is nie. Per capita is Suid-Afrika een van die hoogste spandeerders op onderwysgebied. Volgens hom is die staatsinstellings arm aan etiese fundamente, tegniese vaardighede en korrekte aanstellings om waarde vir geld te kry.

Die anti-apartheid aktivis, dr. Mamphela Ramphele, het reeds in 2012 gesê dat die krisis in die onderwys die uitsluitlike mislukking van die ANC-regering is en nie aan dr Verwoerd toegedig kan word nie. Volgens haar is kinders beter geleer onder die *"gutter"* apartheidstelsel as onder die huidige stelsel van die ANC-regering. Sy brei verder uit deur te sê dat kinders onder die apartheidskoolstelsel ten minste kon lees en skryf en baie van hulle het selfs geskiedenis en aardrykskunde verstaan.

Prof. Servaas van der Berg van Stellenbosch Universiteit het gesê dat 60% van graad vier leerlinge geen begripsvermoë het nie.

'n Wits Besigheidskool-akademikus, Rabelani Dagada, het in 2013 beaam dat Bantoe-onderwys van die apartheidsera baie beter was as die huidige onderwysstelsel. Hy sê ook dat bemagtiging slegs verkry kan word deur opleiding en nie deur dit wat ander het weg te neem en te verdeel nie. Nieteenstaande die hoogste per capita besteding is die onderwysstelsel minderwaardig in vergelyking met dié van die res van Afrika. Pik Botha het gesê dat die ANC-regering se regstellende aksie die meeste Swartes benadeel en dat selfs Zimbabwe se onderwysstelsel beter is as die van Suid-Afrika.

Volgens Prof. Daniël Plaatjies van die RGN is daar 'n probleem as die onderwysers nie die toetse kan slaag wat vir hul leerders gegee word nie. Hy is van mening dat die standaard van onderwys in menige plekke so laag is dat dit as 'n vorm van kindermishandeling beskou kan word.

Die DA-parlementslid Gavin Davies het tydens die onlangse parlementêre debat oor onderwys gesê, dat indien jy arm, of 'n Swart kind is, is daar so te sê geen kans op onderwysopleiding in die demokratiese Suid-Afrika nie. Davies sê verder dat die gees van Verwoerd, wat op 6 September 1966 deur Demetri Tsafendas vermoor is, nog steeds in die sittingsaal teenwoordig is. Hy probeer weer, soos die ANC, die mislukking van die ANC-onderwys voor die deur van Verwoerd lê.

Dit is 'n veer in die hoed van dr Verwoerd dat sy onderwysbeleid na meer as 20 jaar van die sogenaamde demokrasie en 50 jaar na sy moord, nog steeds die onderwysstelsel beïnvloed. Die slaagsyfer van matrieks in Swart skole het in die afgelope jaar gedaal en soortgelyk is daar 'n afname in die slaagsyfer vir wetenskap (60.5% na 49.5%) en wiskunde (48.6% na 36.9%). Hy beaam verder dat ses keer meer geld aan skole in Swartgebiede spandeer word en dat geld dus nie die blaam vir die gefaalde onderwysstelsel kan kry nie. Hy sê verder, *"The failure to educate a black child remain ANC's greatest failure to date. Verwoerd must be proud of them."*

Weens die Departement van Onderwys se druk om matriek-slaagsyfers na te jaag, was daar in 2015 reeds 1 uit 4 skole wat nie wiskunde in graad 10 tot 12 aangebied het nie. Volgens Doran Isaacs van *Equal Education* is dit 'n nuwe vorm van *"Bantu Education"*.

Met verwysing na wiskunde en wetenskap is Suid-Afrika tweede laagste op die wêreldranglys volgens 'n verslag van die Organization for Economic Co-operation and Development.

Wat 'n mens se verstand te bowe gaan is dat die ANC regering, wat gesmag het na 'Blanke-onderwys', nie die 'Blanke-onderwys' tot die beskikking van die Swartes gestel het nie. Hul gaan toe en vernietig die stelsel wat werk en vervang dit met allerhande foefies met die katastrofiese gevolge soos hierbo getuig.

Die kwaliteit van onderwysers, geld, taal en apartheid kry die blaam vir die swak prestasies van die leerlinge. Die vraag word nie gevra, of dr Verwoerd se benadering van onderrig op die vlak van ontwikkeling van die leerlinge, nie die oplossing is nie?

## Prestasies van Swartes onder apartheid-onderwys

Menige van die Swart-leiersfigure is akademies onderrig op die fundamente wat deur die Verwoerd-apartheidsregering en onderwysstelsel daargestel is.

- Pravin Gordhan, die huidige Minister van Finansies, behaal in 1973 'n graad in aptekerswese aan die Universiteit van Durban-Westville.
- Die visie-president van Suid-Afrika, Cyril Ramaphosa, het aanvanklik regte studeer aan die Universiteit van die Noorde (Turffloop) waar sy studies opgeskort is weens sy arrestasie onder die Wet op Terrorisme. Hy behaal in 1981 'n B.Proc graad aan UNISA.
- Blade Nzimande, Minister van Hoër Onderwys, behaal sy Sielkunde graad in 1980 en Meestersgraad in 1981 aan die Universiteit van Natal. Hy het ook 'n PhD graad aldaar verkry.
- Die Minister van Gesondheid behaal 'n B-graad in medisyne en chirurgie aan die Universiteit van Natal.
- Nkosazana Dlamini-Zuma behaal 'n BSc graad aan die Universiteit van Zululand. Sy begin haar mediese studies by die Universiteit van Natal maar behaal haar graad by die Universiteit van Bristol in 1978.

Bogenoemde is voldoende bewys dat daar nie 'n plafon vir Swart-  
(Vervolg op bl. 5)

## Bantoe-onderwys versus ANC/SAKP/Cosatu-onderwys (Vervolg)

onderrig was nie, dit het bloot van die individu self afgehang.

### Onderwys as 'n instrument van revolusie

Die Swart skoolkinders van Soweto is in die 1970's deur revolusionêre agitators (heelwaarskynlik die Amerikaanse Intelligensiediens) gebruik, om 'n politieke standpunt te bevorder onder die dekmantel van Afrikaans as onderrigtaal in die skole. Netso is dieselfde agitators verantwoordelik vir die vernietiging van menige skoolgeboue en die agterstand wat die skoliere weens hierdie aksies opgebou het. Geen vakke is in Afrikaans aangebied by die twee voorbok-skole van die 16 Junie 1976 Soweto-opstand nie.

Nou, na meer as twintigjaar van sogenaamde demokrasie en vryheid, word die revolusionêre agitatie voortgesit. Dit pas in by Jacob Zuma se siening dat bevryding belangriker is as onderrig. Tydens besprekings oor die onluste verwys Swartes na die Nasionale Demokratiese Revolusie.

Net soos met die Soweto-onluste van destyds, word die onderwys-infrastruktuur in hierdie revolusionêre proses vernietig. Dit wat die Swartes nodig het om hul uit die staat van ongeletterdheid te kry word deur hulself vernietig. Gedurende die tweede kwartaal van 2016 is meer as twintig skole afgebrand en ander beskadig. Meer as 50 000 leerders is gevolglik sonder onderwys.

Soortgelyk het ons in 2015 die "*Rhodes must fall*" en die "*Fees must fall*" revolusionêre opstande gesien, wat ook groot skade aan Universiteite aangerig het. Die revolusie word huidig by dié instellings voortgesit met "*Afrikaans must fall*".

### Verwoerd se onderwysbeleid

Die Swartonderwysstelsel wat deur die Nasionalistiese-regering van dr. Malan geërf is, het neergekom op 'n stelsel van gesubsidieerde sendingskole, waarvan die meeste deur Rooms-Katolieke en Anglikaanse sendingstasies bedryf is. By van die sendingskole was 'n toelatingsvereiste dat kinders gedoop moes word. Die ouers was nie by die skole betrokke nie en die meeste kinders het nog nooit die binnekant van 'n klaskamer gesien nie. Die staat het die onderwysers se salarisse aan die kerke oorbetal, maar baie daarvan het nie die onderwysers bereik nie. Die kerke het Europese leerplanne gevolg. Daar was geen sprake van Swartale nie. Alle onderrig was op Engels. Skoolgeboue is deur die gemeenskap op die kerkerreine opgerig, sonder vergoeding, maar het kerkeïendom geword.


Die Eiselen-verslag is in 1951 ter tafel gelê en dit is hierdie dokument wat die grondslag gelê het vir die Bantoe-onderwyswet No. 47 van 1953. Met dié wet is die beheer van Swartonderwys na die Minister van Naturelle-sake oorgeplaas. Binne weke na Verwoerd Eerste Minister geword het, het onderwys 'n afsonderlike departement met sy eie Minister geword.

Sendingskole is vervang deur gemeenskapskole sodat die verantwoordelikheid uiteindelik by die Swartgemeenskap sou lê om hulself op te hef. Dit het 'n geweldige negatiewe reaksie van die Anglikaanse biskoppe (Clayton, Alderson en Reeves) sowel as die Rooms-Katolieke aartsbiskop (Dennis Hurley) uitgelok omdat hul invloedseer daardeur ingekort is.

Skoolkomitees en skoolrade is gestig om Swartouers by die onderwys te betrek. Landbou as skoolvak, asook landboukolleges is in die tuislande ontwikkel om die Swartgemeenskap te help om weg te beweeg van 'n bestaans ekonomie. Alhoewel die amptelike landstale Afrikaans en Engels verpligte vakke gemaak is, is daar besluit om van graad 1 tot standerd 6 onderrig deur medium van moeder-

taal te gee. Nuwe terminologie moes geskep word vir vakke soos rekeningkunde, aardrykskunde en wetenskap aangesien die terminologie nie in die Swartale bestaan het nie.

'n Meningsopname onder al die Swart-beheerliggame oor die voorkeurtal van onderrig in sekondêre skole, het die volgende



Net soos met die Soweto-onluste van destyds, word die onderwys-infrastruktuur in hierdie nuwe revolusionêre proses vernietig.

resultaat opgelewer (persentasies afgerond):

1. Afrikaans en Engels: 64%
2. Slegs Afrikaans: 5%
3. Slegs Engels: 31%
4. Moedertaal: 1%

Die beleid van Afrikaans en Engels as voertaal in die sekondêre skole, het dus die Swartmense se eie voorkeur weerspieël. Die keuse van watter vakke in Afrikaans en Engels aangebied word is oorgelaat aan die skole.

Die klagstaat teen die Afrikaans-oorheersde regering, is dat die 1976 Soweto-skoolonluste primêr gegaan het oor Afrikaans as voertaal in die skole, asof dit die enigste taal was waarin die Swart kinders onderrig was. In die lig van bogenoemde feite is dit vals en wat ten hemele skree, is die feit dat nie 'n enkele vak in Afrikaans aangebied is vir die seniorsertifikaat-eksamen nie en dit 22 jaar nadat die Wet in werking getree het!

Vir die laaste twee skooljare kon die Swartskole kies tussen die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of die Departement van Nasionale Opvoeding se leerplanne en eksamens. Dit was presies dieselfde as in blanke skole! Die bewering dat Bantoe-onderwys minderwaardig was, is dus ook van alle waarheid ontbloot. Wat wel die standaard van onderwys bepaal het, is wat in die klaskamers gebeur. Sonder nougesette bywoning en gedurige toetsing om voorde- ring te bepaal kan 'n hoë standaard nie behaal word nie.

Die Verwoerd onderwysstelsel het dit ten doel gehad om ongeletterdheid uit te wis.

Sy standpunt was dat Swartmense gelei moet word om hul eie mense te dien, in plaas van hul hoop daarop te vestig om in die blanke gemeenskapseweword te word.

Dit was dr Verwoerd se erns dat daar vir die Swartman geen pla- fon sal wees nie. Vyf nuwe universiteite is deur die regering tot stand gebring en het dit moontlik gemaak vir Swartstudente om gevorderde akademiese kwalifikasies te verwerf.

Dit is duidelik dat dr Verwoerd uit sy pad uitgegaan het om die Swart-onderwys wat deur die liberaliste van die onderskeie Engel- se kerke bedryf was, uit die modder te lig en te omskep in 'n menswaardige onderwysstelsel. ■

# VERWOERD SE EKONOMIESE BELEID

Byna alle argumente wat deur die liberale wêreld ingebring word teen die NP-regerings van Dr DF. Malan, Adv JG Strijdom en Dr HF Verwoerd (1948-1966) is deurspek met emosionele twakpraatjies. Hulle vermy gewoonlik die invloed van die sukses van die NP se ekonomiese beleid in dié era en veral die feit dat die Swartman meer daarby gebaat het as die Blanke. Die kollig in hierdie artikel val op die sukses van Verwoerd se ekonomiese beleid en die vraag kan dan gevra word of dit nie juis die hoofrede agter sy ontydige dood was nie?

Kort na die oornam van die ANC in 1994 het die leier van die HNP, Jaap Marais, sy party se Hoofbestuur toegesprek. Op daardie vergadering het hy profetiese woorde geuiter wat nie net vandag perspektief bring op die afgelope 22 jaar se plundering van ons land nie, maar ook oor die merkwaardigheid van die sukses van die eerste twee dekades van die NP se bewind.

Sy woorde was: "Enige suksesvolle staat word op twee belangrike pilare gebou, naamlik respek vir wet en orde en 'n gesonde, groeiende ekonomie."

## Statistiek onder ANC-bewind

Oor misdaad en die omvang daarvan sedert die oornam van die ANC-regime hoef daar werklik nie veel gesê te word nie. Dis algemene kennis dat dit waarskynlik Suid-Afrika se grootste sosiale krisis is en dat Suid-Afrika een van die lande in die wêreld is met die hoogste voorkoms van geweldsmisdaad.

Kortom kan gesê word dat daar meer mense (Swart en Wit) in Suid-Afrika doodgemaak word onder ANC-bewind as tydens enige oorlog wat al ooit in die opgetekende geskiedenis van die land geheers het sedert die koms van Jan van Riebeeck.

Die misdaad epidemie in Suid-Afrika het natuurlik ook 'n reuse invloed op die ekonomie, maar dit is 'n onderwerp wat 'n artikel op sy eie werd is. Dit kan wel genoem word dat een van die grootste faktore wat die ekonomie van die land lamlê, die mate is waarop korrupsie op elke regeringsvlak aan die orde van die dag is.

Terug by die ekonomie as sodanig. Volgens die nuutste syfers staan Suid-Afrika se staatskuld tans op R1892 017 064 553 (R1892 miljard). Met die huidige bruto nasionale produk wat staan op R4644 609 805 350 (sowat R4645 miljard) beteken dit dus dat die ANC se staatskuld gelykstaande is aan byna 41% van die land se Bruto Nasionale Produk (BNP). Net die rente op hierdie skuld alleen is R107 miljard per jaar! (Een honderd en sewe duisend-miljoen rand). Selfs die grootste leek behoort te kan sien dat daar nie eintlik sprake van ware groei in die ekonomie kan wees as die staat wurg aan so 'n skuldilas nie.

Die amptelike werkloosheidsyfer in Suid-Afrika tans is rondom 26%, maar ekonome wat nie bang is om nader aan die kaalkopwaarheid te kom nie skat dit soms tot 10% hoër, terwyl dit algemene kennis is dat die tekort aan geskoolde arbeid in die land ernstige afmetings aanneem.

Die land se groeiakoers (met heelwat gekook en gespeel met syfers in aggenome) sukkel onder die ANC-regime om hoër as 2% te kom. Intussen boer die amptelike inflasiekoers tussen 6% en 7%, maar in die praktyk ervaar Jan Publiek ook iets heel anders as dié bekookte syfer as hy maandeliks sy inkopies by 'n supermark moet doen.

## Die statistiek onder Verwoerd

Nou kom ons by die waarheid oor die sukses van Suid-Afrika onder die regering van Verwoerd, waaroor daar deesdae nie gepraat of geskryf mag word nie.

Dit word sekerlik die beste opgesom deur die bekende aanhaling uit die *Rand Daily Mail*, wat geskryf is slegs 'n paar maande voor Verwoerd se dood. Op 30 Julie 1966 skryf dié koerant só oor die Verwoerd regering: "The nation is suffering from a surfeit of prosperity and he can command almost unlimited funds for all that he

needs at present in the way of military defence. He can claim that South Africa is a shining example of peace in a troubled continent... he can snap his fingers at the United Nations."

Onder die NP-regering van Verwoerd en sy beleid van apartheid (afsonderlike ontwikkeling, soos Verwoerd self verkies het om daarna te verwys) het die lewensstandaard van Swartes gegroei met 5,4% per jaar teenoor dié van die Blankes met 3,9% per jaar. Dan sien ons steeds vandag die treurige gesigte op TV wat die nageslag met emosionele opgeswepte twakstories wil vertel hoe swaar die Swartman kwansuis onder Verwoerd gekry het.

In 1965 het die Suid-Afrikaanse ekonomie gegroei teen 7,9%. Dit het daardie jaar die tweedehoogste ekonomiese groeisyfer ter wêreld verteenwoordig.

Teenoor hierdie merkwaardige groeisyfer, wat behaal is terwyl Suid-Afrika sy man moes staan teen 'n vyandige wêreld, was die amptelike inflasiekoers net 2% per jaar en die prima rentekoers was slegs 3% per jaar. Dit dui tog duidelik op 'n goed-bestuurde land, waar die regering sy verantwoordelikheid teenoor die bevolking nagekom het.

Die tydskrif *Time* skryf aan die einde van 1965 soos volg oor die land van apartheid: "South Africa is in the midst of a massive boom."

Om alles te kroon het die ekonomiese voorspoed gepaard gegaan met ongekende vrede en veiligheid. Die Verwoerd-regering het die aanslag van die Kommuniste, wat via die sogenaamde Swart Bevrydingsbewegings gevoer is, op daardie stadium basies vernietig. Mandela en ander voorbokke van die kommuniste en terroriste is uitgesnuffel en hokgeslaan en soos die statistiek aandui, het dit met die Swartman selfs beter gegaan as met die Blanke.

Dis opmerklik dat die aanvanklike opkoms van die Swart Bewusheidsbeweging in die laat 1950's en vroeë 1960's gepaard gegaan het met 'n effense insinking in die ekonomie. Dit het ook gepaard gegaan met rassebotsings elders in Afrika, maar die hand van die kommunistiese aanslag daarin was duidelik.

Nadat Suid-Afrika egter uit die Britse Statebond getree het in 1961, is die vertroue in die land se ekonomie stadig maar seker herstel en die Verwoerd-regering het die vertroue van binnelandse beleggers begin wen.

Die meerderheid Swartes was ook tevrede met die situasie waarin hul moes leef en Verwoerd het 'n baie goeie verhouding gehad met al die tuislandleiers. Die NP-regering het baie gevaarlike en soms onhygiëniese hole (soos Sophiatown in Johannesburg) obergeruim en in die Swart voorstede soos Soweto ordentlike behuising met aanvaarbare infrastruktuur, skole, parke, biblioteke en sportgeriewe aan hulle verskaf.

Teen die einde van Verwoerd se bewind het dit ekonomies só goed-gegaan met Suid-Afrika, dat daar maatreëls ingestel moes word om te keer dat die ekonomie té vinnig groei!

## Genereer eie welstand

Ironies genoeg was Verwoerd nie baie opgewonde of angstig om te veel buitelandse beleggings na Suid-Afrika te lok nie. Hy het eerder 'n beleid gevolg waardeur binnelandse kapitaalvorming aangemoedig is. Teen die einde van 1961 het die Departement van Binnelandse Sake 'n opname gemaak wat laat blyk het dat 85% van die verbruikersgoedere wat in winkels in Suid-Afrika te koop was, hier in die land vervaardig is.

(Vervolg op bl. 7)

# Verwoerd se ekonomiese beleid (vervolg)

Verskeie industriële mylpale is in die dekadetussen 1955 en 1965 behaal, waarvan die sukses van SASOL sekerlik die grootste was. Die belangrikste aspek was egter dat Suid-Afrika se ekonomie van binne gebou is en dat die Verwoerd-regering nie alleen staatgemaak het op buitelandse kapitaal vir die groeiproses nie. Tog was die buiteland afhanklik van verskeie van Suid-Afrika se minerale bronne. Die verbetering en beter regulering van mynbou het egter 'n groot bydrae tot die binnelandse ekonomiese sukses gelewer.

Benewens die toenemende produksie van goud en heelwat ander minerale is industrialisering besonder sterk voortgesit en het die totale waarde van landbou- en veeveelprodukte tot in die eerste helfte van die sestigerjare (1960-1965) opmerklik toegeneem.

## Die grensnywerhede

Verwoerd se ekonomiese beleid het baie sterk klem gelê op die ontwikkeling van industrieë in Suid-Afrika. Verwoerd het gesorg dat sy ekonomiese beleid 'n fyn balans handhaaf tussen die geleenthede vir Swartes, wat weer sou help om die tuislande te ontwikkel, en die geleenthede vir Blankes in Suid-Afrika.

Hy het die noodsaak van werkreservering in die industriële wêreld besef om die Blanke werker te beskerm. Sy insig oor die verhouding waarin ekonomiese ontwikkeling moes staan teenoor die sosiale werklikhede van die land, was een van die geheime van sy sukses. In hierdie verband het Verwoerd byvoorbeeld sy beleid só geformuleer dat dit sy tuislandbeleid perfek kon aanvul. Dit sou natuurlik beteken dat die ontvolking van die platteland en die instroming van massas na die stede streng beheer moes word en in sommige gevalle selfs opsetlik verhoed moes word. Na Verwoerd se dood is hierdie aspek verwaarloos en amper geïgnoreer en dit word vandag gebruik as argument oor waarom aparte ontwikkeling kwansuis nooit sou werk nie.

Beide die ontwikkeling van die ekonomie en die verantwoordelike bestuur van die sosiale werklikhede van die land moes boonop volgens Verwoerd se plan so regverdig as moontlik verloop. Dis net logies, want as een groep in die proses uitgebuit word, sou die stelsel tog nooit op die langer duur suksesvol kon wees nie. Op een of ander stadium sou die uitgebuite groep in opstand kom.

Ten hierdie agtergrond was Verwoerd se plan met grensnywerhede so briljant. Dit sou 'n wen-wen situasie vir al die partye skep, waar Blankes hul verdienste in Blanke gebiede spandeer om die ekonomie van Blank Suid-Afrika te stimuleer, terwyl Swartes weer hul verdienste spandeer in hul tuislande. Dit sou beteken dat die aanvanklike hulp wat die tuislande van Suid-Afrika moes ontvang mettertyd sou verklein, totdat hulle as onafhanklike ekonomieë op hul eie sou kon funksioneer. Hiermee saam sou ander ontwikkeling, soos die landboubedryf natuurlik ook 'n rol speel.

## SASOL en die chemiese industrie

Intussen is 'n oliëpyplyn van Durban na die Rand aangelê. SASOL en die ru-olie raffinaderye het die kern daargestel van nuwe komplekse chemiese bedrywe wat in alle rigtings ontplooi het, maar wat Suid-Afrika terselfdertyd al hoe meer onafhanklik sou maak van die res van die wêreld.

Ten so 'n geweldige tempo is daar in die paar jaar sedert Republiekwording vordering gemaak met die ekonomie van die land, dat daar inderdaad van 'n tweede industriële revolusie gepraat kon word. Die bruto nasionale produk van die land het tussen 1961 en 1964 met 6.5% per jaar gestyg – een van die grootste styging ter wêreld op daardie stadium.

Waar die land voorheen in 'n baie groot mate van buitelandse kapitaal afhanklik was, kon hy 'n ontwikkelingsstadium bereik waar groterdeels in sy eie kapitaalbehoefte voorsien kon word. Een van die belangrikste aspekte in hierdie verband was natuurlik ook die invloed van die Afrikaner en die wyse waarop die Afrikaner se kapitaal-

sakevernuf in die proses gegroei het.

## Arbeid en die ekonomie

Enige ekonoom sal vir ons kan vertel watter enorme invloed die arbeidsektor in enige land se ekonomie het. Juis daarom is arbeidswetgewing in enige land een van die mees sensitiewe, maar ook belangrike aspekte om die groei van die ekonomie te balanseer.

Aan die een kant kan die industriële sektor nie sonder arbeid funksioneer nie, maar aan die ander kant kan daar ook nie toegelaat word dat die arbeidsektor uiteindelik die mag verkry om onherstelbare skade aan 'n land se ekonomie aan te rig, soos ons dit veral deesdae in Suid-Afrika ervaar nie.

Een van Verwoerd se suksesgeheime was die goeie balans wat hy deur bestuur, wetgewing en die skep van geleenthede kon verkry, sodat die arbeidsektor nie die stert kon word wat die hond swaai nie. Dit het ons destyds reeds in lande gesien wat na sosialistiese arbeidswetgewing geneig het en ook hier in Suid-Afrika sien ons dit toenemend sedert die NP-regering van John Vorster en PW Botha arbeidwetgewing hier by ons verander het.

Om op te som, Verwoerd het die logika gehad om te weet dat 'n land se ekonomie eintlik maar werk soos enige besigheid, of dit nou die kafee op die hoek is of 'n internasionale maatskappy. Feit van die saak is dat die verskillende komponente van daardie besigheid in harmonie moet saamwerk om uiteindelik die balansstaat te laat klop. As die besigheid te veel geld leen, raak hy in die moeilikheid en die eerste aspek wat skade ly is sy arbeiders (landsburgers in geval van 'n land), want hulle sit uiteindelik sonder werk.

Verwoerd se ekonomiese beleid kon egter die situasie skep waar werkloosheid amper uitgewis is en waar amptelik 74% van nuwe arbeid jaarliks in die formele sektor geakkommodeer kon word.

## Die geldmag

Net soos by baie groot maatskappye, werk dit natuurlik ook so in 'n land se ekonomie sodat sommige mense (in die geval van 'n land kan ons praat van geldmagnate) té ryk en té magtig word en in die proses vraatsig word. Hoe meer geld hulle maak, hoe meer wil hulle maak.

Dit het skynbaar ook in Verwoerd se era gebeur. Dit het spesifiek gebeur met een familie wat via die mynbedryf so ryk en so magtig geword het, dat hulle later 'n substansiële deel van die land se ekonomie beheer het.

Gierigheid en vraatsug het natuurlik die vreemde gewoonte om 'n begeerte te skep vir al hoe meer rykdom en meer rykdom bring meer mag. En dit is gevaarlik. 'n Wysgeer het eenmaal gesê dat mag die sterkste dwelm is waardeur enige mens oorweldig kan word.

In Suid-Afrika het een groep, wat eintlik maar onder die leiding van een familie gestaan het, soveel mag in die ekonomie verkry (ironies juis as gevolg van die rol wat die mynbedryf in die ekonomiese ontploffing van die sestigerjare gespeel het) dat hulle 'n bedreiging vir verdere suksesvolle uitvoering van Verwoerd se ekonomiese beleid geword het. Verwoerd het dus aan professor Piet Hoek die opdrag gegee om ondersoek in te stel na die Oppenheimer-empaaier in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dié deeglike ondersoek het bevind dat Oppenheimer met al sy tentakels teen 1966 sowat 1000 maatskappye in Suid-Afrika beheer het.

Alle aanduidings was dat Verwoerd nie die Hoek-verslag ligtelik sou opneem nie. Sommige bevindings daarin het aangedui dat die geldmag in Suid-Afrika se invloed en toekomsplanne 'n bedreiging sou inhou vir die voortsetting van die regering se ekonomiese beleid tot voordeel van al die land se burgers en tot voordeel van die Swart burgers van die tuislande rondom Blank Suid-Afrika.

Heeltemal te min is nog werklik bekendgemaak oor die Hoek-verslag se inhoud, maar daar kan met reg gewonder word of dit toeval is dat Verwoerd juis in die tyd van die afhandeling daarvan vermoor is en dat sy opvolger, John Vorster, dié verslag so gou moontlik doodgesmoor en selfs vernietig het. ■

# Verwoerd se apartheidsbeleid en rassisme (Vervolg)

## Die Europese migrante-krise en dr Verwoerd se profetiese woorde

Die migrante-krise in Europa en meer spesifiek Brittanje het in 'n debat oor die wetsontwerp ter bevordering van Bantoe-selfbestuur, in die Volksraad op 20 Mei 1959, profeties te berde gekom. Die Brits/Joods/Amerikaanse-geldmag is in die SA parlement verteenwoordig deur die Verenigde Party (VP alias Sappe). Die VP was ten gunste van 'n veelrassige een mens, een stem Suid-Afrika.

Die VP-argument was dat voor die Eerste Wêreldoorlog in 1914 aparte bestuursgebiede moontlik was. Daarna het soveel Swartes egter die land binnegestroom dat skeiding van enige aard nie meer haalbaar was nie.

Dr Verwoerd het die VP daarop gewys dat hy nie 'n hensorper is wat die land afstaan aan 'n bloedlose verowering nie en dat die VP een groot Bantustan vereis. Dan volg die profetiese woorde: *"Ek wil die vergelyking maak met wat in Brittanje sou gebeur as hy sou toelaat dat die Jamaikane in so 'n mate Brittanje binnetrek, ook agter die werk aan, dat hulle op die ou end die getalmeerderheid in Brittanje sou uitmaak (as so 'n groot immigrasie moontlik was binne so 'n landgebied). Sou die Britte stilweg net sê: Ons keer hul intrek nie, en sodra hulle by die 70,000,000 en 80, 000,000 is en ons is maar 59, 000,000 (of wat ookal), dan is hulle in die meerderheid en deurdat hulle almal gelyke regte moet kry, is Engeland maar voortaan hulle s'n! Dit is verspot, maar gelyk aan wat nou hier in SA volgens die argument van die VP moet gebeur. Die intrekende Swart werkers het so baie geword dat 'n veelrassige staatsbestuur moet volg en hulle also die veroweraars kan wees van blanke SA, net soos die Wes-Jamaikane dit van Engeland sou kon word as dit sou toegelaat word dat hulle presies dieselfde proses mag deurvoer wat die agb. Leier van die Opposisie beweer hier plaasgevind het sedert die Eerste Wêreldoorlog. Dit is die koddigste argument wat ek nog ooit gehoor het ter bepleiting van die toekenning van politieke regte aan die Bantoe en van die bewering dat ons onself nie mag beskerm en die landsbestuur nie vir onself mag hou nie. In Botha, Smuts en Hertzog se tyd was dit nog reg, ja, maar nie in ons tyd nie, want ons is deur die getalle intrekters klaar verower!"*

## BREXIT - Die haan kraai vir die Britte!

Brexit, beteken Brittanje het onttrek aan die Europese Unie! Dr H F Verwoerd, een van die wêreld se briljantste en innemende leiers, is in opdrag van die Britte en hul meelopers op barbaarse wyse vermoor. Hoekom? Omdat hy onttrek het aan die Britse Statebond!

Die rede vir Brexit = Die rede vir die RSA se ontrekking aan die Statebond = SELFBEHOUD! Óf is Brexit nie maar die Britte se rassistiese apartheid nie?

Sal die Anglikaan, Knight of Malta, Koningin Elizabeth II, hierdie keer verskoning vra? Toe mnr Jaap Marais haar in aanloop tot die honderdjarige viering van die Tweede Anglo-Boereoorlog versoek het om verskoning te vra, siende sy verskonings soos lekkers uitgedeel het, wete sy te vertel daar is geen rede tot verskoning nie, want *"... right and wrong mingled on each side in the Boer Wars ..."*.

Oor die "wrongs" skryf Millin: *"... the warring of different ideals of life; the annoyance caused the English by the fact that the wealthiest part of South Africa had fallen, under their very noses, into the accidental hands of a primitive people; the exemplification of that primitiveness in Kruger himself; the ambition of Chamberlain; the passion of Milner". "Chamberlain broke Kruger because Kruger would not elude him by bending"*.

Net soos Kruger, wou dr Verwoerd nie "bend" nie, toe "broke" die Britte hom ook. Terwyl Kruger en dr Verwoerd ironies genoeg, beantwoord het aan Rhodes se vereistes vir goeie patriotte – *"hul hoogste deug was hul getrouheid aan hul land"*.

Die *Wind of Change*-toespraak van die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, in Februarie 1960 in die SA-parlement, was nie net misplaas nie maar ook eimagtig en oorlogsugtig. Macmillan het kom dikteer oor Swart-nasionalisme wat soos 'n wind oor Afrika waai. Dit kan nie geignoreer word nie en moet in regeringsbeleid gerespekteer word *"anders sal die Afrikastate kommunisties word"*. Die opdrag was duidelik: Een mens, een stem in SA. Dr Verwoerd se antwoord was net so duidelik: Nee! Die uiteinde is die RSA onttrek aan die Britse Statebond.

Nadat dr Verwoerd vermoor is, het die druk toegeneem en nog later skree Margaret Thatcher: *"I demand the release of Mandela!"*. Maar, stéeds nie sanksies nie, want dit kan Brittanje skaad. Toe Mandela egter vrygelaat word en gehoor gegee word aan die eise van die *Wind of Change*, toe kóm die Kommuniste aan bewind! Drie en dertigjaar en een dag later knuip die RSA weer onder die Britse *"Commonwealth"*-vlerk in en die sogenaamde vry burgers word voëlvy in meer as een opsig. Sien, *"Commonwealth"* beteken eintlik, die burgers word *"common"* en die Britte kry die *"wealth"*. ■

***"Die beleid van apartheid is nie gekonstipeer of bedoel om ander rassegroepe te benadeel nie, maar om te verhoed dat hulle óns benadeel en uiteindelik vernietig in 'n proses van verswelging."***

**Jaap Marais**

Besoek gerus die ANB se webwerf by:

**www.anbsa.co.za**

## ANB KONTAK BESONDERHEDE

Indien u enige verdere inligting verlang kontak gerus enige van die ANB Dagbestuurslede.

- Johann Grobler (Voorsitter) - Tel (014) 763-3920
  - Carel vd Grijp (Ondervoorsitter) - Tel 081-501-6696
  - Emil de Villiers (Peningmeester) - Tel 083 417 7311
  - Jannie Brink (Sekretaris) - Tel (011) 787-7895
- Faks (011) 787-8312

Rig alle korrespondensie aan:

**Die Sekretaris,  
Afrikaner Nasionalistiese Beweging**

**Posbus 293,  
Ferndale, 2160**

e-pos: [Nasionalis@vodamail.co.za](mailto:Nasionalis@vodamail.co.za)  
Webwerf: <http://anbsa.co.za>

### **DONASIES**

Donasies is welkom en kan inbetaal word in die ANB se bankrekening by **Eerste Nasionale Bank**.

Rekeningnommer: **6207 397 999 3**

Thabazimbi.

(Takkode **26 03 46**)